# 4 DIE GESKIEDENIS VAN ONDERWYS IN FRANKRYK MET VERWYSING NA DIE HANTERING VAN KULTURELE VERSKILLE

## 4.1 INLEIDING

Die konseptuele en teoretiese raamwerk wat in hoofstuk 2 aangebied is, vorm ook die raamwerk van hierdie hoofstuk waarin die onderwysgeskiedenis van Frankryk ontleed word. Daarom sal die geskiedkundige gegewens nie chronologies uiteengesit word nie, maar sal die aanbieding selektief en sistematies wees soos in hoofstuk 2 in die vooruitsig gestel.

## 4.2 DIE ROL VAN DIE VERSKILLENDE BEVOLKINGSGROEPE

Frankryk is aanvanklik bewoon deur Kelte en daarna deur die Kelte én Normandiërs. In die suide woon die Baske van wie die oorsprong vandag nog onbekend is. Ongeveer 85% van die bewoners van die huidige Frankryk is gebore Franse burgers en dit verklaar waarom daar nie juis 'n probleem ondervind word met die hantering van volksverskille soos in byvoorbeeld die VSA nie (vergelyk 3.2). Die rede hiervoor is dat Frankryk, in teenstelling met die ander drie lande waarvan die onderwysgeskiedenis ontleed is, nie gekoloniseer is deur ander state nie. Die gevolg hiervan is dat die Franse kultuur deur die eeue die dominante kultuur was en en nog is. In terme van die teoretiese raamwerk van hoofstuk 2 is dit vanselfsprekend dat die Franse hulle kultuur sou kon handhaaf as die dominante kultuur. Een gevolg hiervan was dat dit ook nie nodig was dat die Franse kultuur op enige persoon afgedwing moes word nie.

Toe Karel die Grote (742-814) koning van Frankryk en keiser van die Heilige Romeinse Ryk geword het, het hy besonder baie aandag aan die onderwys gegee. Sy belangstelling en optrede het die hele Wes-Europa beïnvloed omdat hy ook die wêreldlike hoof van die Rooms-Katolieke Kerk was. Karel die Grote het onderwys tot so 'n mate laat ontwikkel dat Frankryk van die 9de tot die 13de eeue die leier op onderwysgebied in Europa was. Hy het geletterdheid aangemoedig deur byvoorbeeld daarop aan te dring dat alle amptenare van die kerk

geletterd moes wees voordat hulle enige pos in die kerk kon beklee (Bowen, 1975:264; Nigam & Khan, 1993:14).

Vanaf ongeveer 800 na Christus het die lewe in Frankryk sekere kenmerke openbaar:

- Die burgers het prakties almal aan die Rooms-Katolieke Kerk behoort, met ander woorde die godsdienstige kultuur was taamlik homogeen.
- Die Franse het saam met die res van Europa een heerser gehad, naamlik die keiser van die Heilige Romeinse Ryk. Daar was dus ook staatkundig-polities gesproke redelike kulturele homogeniteit in Frankryk en Wes-Europa.
- Daar was op hierdie tydstip nie enige noemenswaardige vorme van nasionalistiese strewe nie.
- Die sosiale indeling was baie streng. Die sosiale spektrum het gestrek vanaf lyfeienes tot by die heerser en daar was byna geen sosiale mobiliteit nie.

Die godsdienstige homogeniteit en standeverskille het verdwyn namate die lidmate van die Kerk ontevrede geword het met die kerklikes omdat hulle nie hulle werk gedoen het nie en boonop baie verwêreldlik het. 'n "Rewolusie" in die Kerk het egter eers in die 15de eeu gekom met die Hervorming. As gevolg van die Kerkhervorming was daar heelwat woelinge op godsdienstige gebied dwarsoor Europa merkbaar (Butts, 1947:146,160; 176; Moody, 1978:3).

Godsdienstig was die Franse (soos ander Wes-Europeërs), in minstens twee kampe verdeel, t.w. in teenstelling met voorheen toe almal hoofsaaklik aan slegs die Rooms-Katolieke Kerk behoort het. Frankryk self was relatief vry van die woelinge op godsdienstige gebied omdat die Edik van Nantes (1598) godsdiensvryheid aan die Protestante verleen het. In 1685 het Lodewyk XIV egter dié Edik herroep. Gevolglik het die Protestante na naburige lande gevlug, eerder as om vervolging te verduur in hulle eie land (Cobban, 1979:15; Thompson, 1969:116,194; Wakeman, 1921:6,256).

Toestande het nie slegs op godsdienstige gebied verander nie, maar ook op sosiale gebied. 'n Geheel nuwe sosiale groepering het ontwikkel as gevolg van handel en die inkomste wat daardeur verkry is. Naas die adel, kerklikes en 'n derde klas, het die welgestelde en geletterde handelaars nog 'n klas gevorm wat op politieke en sosiale voorregte aangedring het omdat hulle deeglik bewus was van die feit dat húlle die mense was wat die staatskoffers gevul het, eerder as die verarmde adel (Butts, 1947:190; MacKenny, 1993:17; Peacock, 1986:VI; Thompson, 1969:15).

Sosiale woelinge soos hierdie loop uit op die Franse Rewolusie (1789). Dié geskiedkundige gebeurtenis het die hele destydse politieke en sosiale bestel in Frankryk omver gewerp, en 'n onuitwisbare invloed op die samelewing in Europa uitgeoefen. Dit was dan ook die onderwysbeplanning vir 'n staatsonderwysstelsel van die filosowe van dié tyd wat deur Napoleon verder gevoer is (Green, 1990:130). Die oorspronklike beplanning vir 'n staatsonderwysstelsel was gedoen deur Sully, Richelieu en Colbert onder Lodewyk XIV (Green, 1990:131). Die periode voor die Rewolusie was die tydperk waarin byvoorbeeld Rousseau sy *Emile* (1762) geskryf het (Green, 1990:137).

As gevolg van tegnologiese ontwikkeling het seevaart vinniger en veiliger geword (vergelyk 3.2) en teen 1871 het ook Frankryk 'n koloniale ryk opgebou, net soos die ander groot moondhede. Franse optrede in hierdie verband was eerder as gevolg van sendingywer as om politieke of ekonomiese gewin soos by sommige ander state (Cobban, 1984:14,28,31,56; Moody, 1978:145; Peacock, 1986:208-211; Stevens, 1992:16). Die Franse het dit egter hulle plig geag om die oorwonne mense op te voed en te beskaaf en een metode om die doel te bereik was om aan hulle Frans te leer. 'n Persoon wat suksesvol was, is ook goed beloon (Hinton, 1997:107).

Frankryk was ongelukkig Duitsland, wat aanleiding gegee het tot twee wêreldoorloë, se buurman en het daarom in die eerste gedeelte van die 20ste eeu besonder swaar gely onder oorlogstoestande. Die swak ekonomiese toestande ná die twee oorloë het politieke onrus in die land meegebring, sodat regerings mekaar vinnig opgevolg het (Cobban, 1984:130; Moody, 1978:123; Pierce, 1973:20,2; Williams, 1955:27,44). 'n Persoon wat as 'n sterk leier uit die Tweede Wêreldoorlog getree het, was generaal Charles De Gaulle. Hy sou die persoon word wat die ontwikkelende nasionalisme in die Franse kolonies moes hanteer gedurende hierdie tydperk.

Die opkoms van nasionalisme in Afrika begin in 1956 toe Egipte die juk van Brittanje afgegooi het. Frankryk het ook met die probleem geworstel, maar die proses meer suksesvol hanteer, behalwe in Algerië. Dit was generaal De Gaulle se taak om dié probleem op te los. Hy het Algerië in 1962 sy onafhanklikheid gegee te midde van groot teenstand. Hy slaag egter daarin om 'n goeie verhouding tussen Frankryk en sy oud-kolonies tot stand te bring (Diamond, 1970:53; Lewis, 1985:1; Peacock, 1986:439,440,443).

As gevolg van nuwe industriële ontwikkeling was daar ná die wêreldoorloë toenemend 'n gebrek aan werkers in Frankryk. Die industriële sektor het vinnig ontwikkel en baie arbeiders was nodig. Frankryk, soos Duitsland en Holland, begin derhalwe vanaf 1965 om werkers in te

voer vanuit Italië, Spanje, Portugal en Algerië en van hulle ander oud-kolonies. Omdat die werkers-immigrante broodnodig was om die ekonomie van die land aan die gang te hou, het daar nooit enige gevoel van diskriminasie of anti-immigrasie teenoor hulle ontwikkel nie. Daar is gevoel dat hierdie werkers eerder 'n bydrae tot die welvaart van die land maak, as wat hulle 'n probleem skep. Daarom was hulle eerder welkom in Frankryk (selfs as burgers), as wat hulle gesien is as 'n probleem (Halls, 1965:33,40; Moody, 1978:163; Williams, 1955:407).

## 4.3 KULTURELE VERANDERLIKES WAT 'N ROL GESPEEL HET IN DIE ONDERWYSONTPLOOIING

Die kultuur van 'n land weërspieël verskillende veranderlikes soos godsdiens, ekonomie, geslagtelikheid en so meer. In Frankryk het 'n hele aantal veranderlikes of kultuureienskappe 'n belangrik rol gespeel in die ontwikkeling van die onderwys van die land. Enkele van hierdie aspekte word kortliks hier onder van nader toegelig.

### 4.3.1 Beskawing/beskaafdheid

Die geskiedenis dui daarop dat die Franse beskawing reeds baie eeue oud is, en beslag gekry het teen die Middeleeue. Op daardie stadium kon die Franse reeds as geletterd beskou word. Die kultuur en produkte van die Westerse beskawing is in die moeilike en onrustige Middeleeue bewaar in die kloosters van die Rooms-Katolieke Kerk. Hierna kon die Franse kultuur, aangevul deur vreemde kultuurelemente, verder ontwikkel. Na die Middeleeue kan die Franse nie meer as onbeskaafd beskou word nie, want hulle het reeds byvoorbeeld 'n goed ontwikkelde regeringsvorm gehad en 'n uitgebreide handelsnetwerk (vergelyk 2.2.3.3).

### 4.3.2 Ekonomiese verskille/sosio-ekonomiese status

Die Franse samelewing is na die Middeleeue aanvanklik streng volgens klasse (stande) ingedeel. So was daar 'n adellike klas, wat veronderstel was om gegoed te wees. Die middelste groep was hoofsaaklik die kerklikes waarvan 'n gedeelte gegoed, en die res baie arm was. Dan was daar die derde groep wat 'n verarmde, onderdrukte groep was. Soos handel gegroei het, het daar 'n baie welgestelde groep handelaars ('n middelklas) ontstaan uit hierdie derde groep. Hulle het geen politieke of enige ander regte gehad nie. Dit was dié groep wat met die Franse Rewolusie (1789) regte vir hulleself begin opeis het, omdat hulle bewus was van die feit dat hulle die staat ekonomies gedra het (MacKenny, 1993:17; Peacock, 1986:VI; Thompson,

1969:15). Na die Rewolusie het die ou klasse-indeling verdwyn en was daar groter sosiale en ekonomiese mobiliteit in Frankryk. Industrieë soos die tekstiel-, yster- en steenkoolbedrywe het gebloei (1720-1780) (Green, 1990:135).

In die 20ste eeu het Frankryk swaar gely onder die twee wêreldoorloë wat hom ekonomies uitgeput het. Op hierdie problematiese periode het egter een van welvaart en industriële ontwikkeling gevolg. Hierdie ontwikkeling sou egter onmoontlik gewees het as dit nie was vir die hulp van immigrante-werkers wat ingevoer is nie. Omdat die Franse bevolking bewus was dat hulle nie hulle hoë lewenstandaarde sou kon handhaaf sonder die immigrante nie, is hierdie mense beskou as onontbeerlik en daarom in die land verwelkom (vergelyk 2.2.3.5).

Hierdie mense is nooit as immigrante of vreemdelinge gesien nie, en hulle Fransgebore kinders was Franse burgers. Om dié rede het die groep immigrante nie werklik gegroei nie. Teen 1980 is besluit dat spesiaal aandag aan zones gegee sou word waar leerders swak presteer het (ZEP). Op dié manier is aandag gegee aan die gebiede waar die nie-Franse woonagtig was, eerder as aan die Franse bevolkingsgroep. Hierdie gebiede het dan 'n groter geldelike toewysing gekry en as gevolg daarvan kon hulle meer onderwysers bekostig (Hinton, 1996:109).

### 4.3.3 Geletterdheid

Aanvanklik was die onderwys gerig op die leerders van die adel, veral die seuns. Onderwys was nie beskore vir die ander groepe in die bevolking nie (Green, 1990:110; Vaughn & Archer, 1971:156). Onderwys was in Frankryk selfs in die Middeleeue bekombaar in die kloosters van die Rooms-Katolieke Kerk (vergelyk 4.2). Dit is met ander woorde nooit deur enige politieke gebeure in die land ontwrig of onmoontlik gemaak nie. In die 18de eeu was daar reeds skole waar ingenieurswese, mynwese, seevaart, verdediging, regte, medisyne en teologie bestudeer kon word, maar dit was nie vir almal toeganklik nie (Butts, 1947:224; Green, 1990:135). 'n Gedeelte van die groep minder welgestelde kinders is vanaf ongeveer 1884 versorg deur die *Brothers of the Christian Schools* (Butts, 1947:227; Meyer, 1972:179).

Gedurende die periode van die Restourasie (1815-1830) is onderwys meer toeganklik gemaak vir 'n groter gedeelte van die bevolking as gevolg van ekonomiese groei (Butts, 1947:350; Good & Teller, 1969:325; Moody, 1978:21). Vanaf 1836 is volwasse onderwys by algemene onderwys ingesluit (Meyer, 1972:311), en vanaf 1845 het kleuteronderwys ook deel van die onderwysstelsel gevorm (Anderson, 1975:31; Good & Teller, 1969:326; Meyer,

1972:31). Die onderwys van kinders was dus uitgebreid, vanaf voorskools totdat die leerder self besluit het om dit te beëindig.

Dit is moeilik om op grond van dié literatuurstudie afdoende gevolgtrekkings te maak oor die behandeling van die dogters. Die vroulike gedeelte van die bevolking was nooit heeltemal verstoke van die onderwys nie, maar hulle het ook nie vanselfsprekend onderwys ontvang soos die seuns nie. Napoleon het byvoorbeeld die *Lycéé* vir seuns gestig en eers 80 jaar later, in 1918, is dieselfde voorsiening gemaak vir dogters met die stigting van die seminaries (Rosof & Zeisel, 1982:63; Talbot, 1969:10,17; Vaughn & Archer, 1971:143). Nieteenstaande hiérdie toedrag van sake, kon Franse dogters nooit as ongeletterd beskou word nie. Hulle was altyd minstens opgelei om huishoudings te kon waarneem.

Vanaf 1881 is onderwys verpligtend gemaak en het onderwys vir almal tussen die ouderdomme van 6 en 13 jaar bekombaar geword (Anderson, 1975:123; Kazamias & Byron, 1965:31,32; King, 1967:63). Die onderwysvoorsiening is steeds uitgebrei en daar is byvoorbeeld spesiale skole in 1947 vir minder begaafde kinders opgerig (Halls, 1965:101,102; Holmes, 1985:77). Teen 1905 was ongeletterdheid in Frankryk beperk tot slegs ongeveer vier persent van die bevolking.

In die twee wêreldoorloë het baie geletterde jongmanne gesterf. Dit het geverg dat die res van die bevolking vinnig opgelei moes word om die nodige werk te kon verrig om die ekonomie aan die gang te hou. Dié maatreël het bygedra tot die vinnige ontwikkeling van die onderwys. As gevolg van hiérdie toedrag van sake het beroepsonderwys meer aandag gekry en gelyke status met die klassieke onderrig ontvang (Green, 1990:157; Meyer, 1972:441). Veral sekondêre skoolonderwys het ná 1947 baie aandag gekry omdat dit as die swakste gedeelte van die Franse onderwys uitgewys is. Teen 1973 het Frankryk reeds die sesde grootste som geld per jaar in die wêreld bestee aan onderwys. Die Franse volk kan dus van die vroegste tye af beskou word as 'n geletterde volk.

Ook vandag word gepoog om alle leerders geletterd te kry: "...schooling of immigrant's children...must integrate them into 'the nation, the republic'" (Hinton, 1997:107). Die stelsel dat onderwys toeganklik vir alle leerders moet wees, is ingeskryf in die moderne grondwet (Vigouroux-Frey & Covey, 1994:66) (vergelyk 2.2.3.7).

### 4.3.4 Geslagtelikheid

Dogters is nie onderwys verbied nie, en hulle is selfs aangemoedig om beperkte onderwys te ondergaan (Butts, 1947:165). Reeds in Lodewyk XIV se tyd was daar onderwys vir dogters, maar dit was taamlik beperk. Dit was slegs daarop gemik om hulle op te lei om 'n huishouding te kan behartig.

In die 17de eeu het die Rooms-Katolieke Kerk 'n spesiale vorm van onderwys vir dogters geskep, by name die *Orde van Ursulien*. Dié Orde het bestaan uit nonne wat hulle lewens gewy het aan meisiesonderwys (Butts, 1947:226).

La Chalotais (Green, 1990:138) het in 1763 soos volg geskryf oor die onderwys: "I claim for the nation an education which depends upon nothing but the state, because it belongs to it in essence; because the nation has an inalienable and imprescriptible right to educate its members; because in the end the children of the state must be brought up by members of the state". Hieruit blyk dit duidelik dat die verskil tussen die geslagte stadig, maar seker besig was om te verdwyn.

Sedert 1918 is daar seminaries vir dogters opgerig, in navolging van die *Lycéés* wat ongeveer 'n eeu vroeër deur Napoleon Bonaparte vir seuns gestig is. Dit is gedoen om ook vroue deeglik voor te berei vir werk in die industrieë, nié om hulle gewoonweg geletterd te maak nie. Hulle onderwys was altyd hoofsaaklik beroepsgerig (Rosof & Ziesel, 1982:63; Talbot, 1969:10,17; Vaughn & Archer, 1971:143).

Toe onderwys in 1881 verpligtend geword het, was dit ook vir dogters moontlik om skool te gaan, maar nie sáám met die seuns nie. Hulle is byvoorbeeld nie toegelaat om Latyn te bestudeer nie. Ná 1924 kon dogters egter saam met die seuns Latyn leer en na 1925 kon hulle amptelik saam met die seuns skoolgaan. Langs hierdie weg is vooroordele teenoor dogters in die onderwys uit die weg geruim (Meyer, 1972:443; Rosof & Ziesel, 1982:64; Talbot, 1969:118).

Die 1989-onderwyswet van Frankryk bepaal dat onderwys die reg van elke individu is en dat hy ook die reg op verdere opleiding het ten einde te kan optree as 'n volwaardige burger van die land (Vigouroux-Frey & Covey, 1994:66) (vergelyk 2.2.3.8).

### 4.3.5 Gestremdheid

Daar is nie uit die staanspoor aandag aan onderwys vir gestremdes van enige aard gegee nie. Waar die VSA in die 19de eeu al skole vir die gestremdes opgerig het, het Frankryk eers byvoorbeeld in 1947 skole vir minder begaafde kinders tot stand gebring (Halls, 1965:101,102; Holmes, 1985:77). Hoewel Frankryk dus op 'n stadium op die voorpunt van onderwysontwikkeling en verskaffing was, het die land geleidelik agter geraak in die doeltreffende voorsiening van onderwys aan ál sy leerders (vergelyk 2.2.3.9).

### 4.3.6 Godsdiens

Die Christelike godsdiens het om historiese redes die onderwys in Frankryk oorheers (vergelyk 4.2). Die rede hiervoor lê in die feit dat die Kerk die magtigste instelling in Europa was toe die Germane Europa begin inval het en die voortbestaan van die Westerse beskawing, soos nagelaat deur die Grieke en Romeine, bedreig het. Die nalatenskap van die Griekse en Romeinse beskawings is in die kloosters van die Rooms-Katolieke Kerk bewaar. Dieselfde kloosters was derhalwe die ideale plekke om die kultuurskatte aan die jeug oor te dra, omdat die geleerdes van die tyd daar te vinde was om onderwys te behartig (Butts, 1947:148; Vigouroux-Frey & Covey, 1994:67).

Toe die Fransman Karel die Grote, keiser van die Heilige Romeinse Ryk geword het, het hy begin om onderwys sover as moontlik verpligtend te maak, deur byvoorbeeld te bepaal dat almal wat tot 'n Christelike orde toegelaat wou word, geletterd moes wees. Hy het ook net geletterde amptenare in die regering begin gebruik. Ná hom het die Kerk in die Middeleeue sy onderwystradisie voortgesit. Tussen 1179 en 1215 is talle dekrete uitgevaardig waarin biskoppe beveel is om vrye skole op te rig in hulle gebiede (Bowen, 1975:262). Omdat die skole gewoonlik deel van die Kerk was, is die kurrikulum deur Rome voorgeskryf, en het die Kerk onderwysers gelisensieer. Die onderwys is in wese deur die Rooms-Katolieke Kerk oorheers. Teen 1100 was daar florerende skole in Chartres, Orleans, Rheims en Parys (Butts, 1947:177).

Toe die Franse dorpe teen die 12de eeu self begin het om skole te stig, is daar 'n hewige stryd tussen die Kerk en die staat ontketen oor die beheer van die onderwys. Die Kerk het die gedagte van onderwys deur die staat teengestaan, en pous Adrianus IV (1154-1159) het by Rheims uitspraak gelewer dat die Kerk beheer oor onderwys behoort te hê, en nie die staat nie. Dié uitspraak is teengestaan deur die inwoners van die dorpies wat self beheer oor die skole wou hê (Bowen, 1975:263; Butts, 1947:262,263). Hierdie stryd om die beheer oor die

onderwys het voortgeduur tot 1476 toe Lodewyk XI die beheer oor die onderwys aan die munisipaliteite toegesê het. Die Kerk het egter vir homself nog die reg voorbehou om kontrole oor die skole uit te oefen (Bowen, 1975:264; Butts, 1947:263; Kazamias & Byron, 1965:29).

In 1534 het die Kerk 'n nuwe poging aangewend om onderwys te beheer deur die stigting van die Jesuïete-Orde. Dit was 'n goed georganiseerde orde met 'n goeddeurdagte onderwysstelsel. Die onderwysers was behoorlik opgelei, en die kurrikulum en metodes deeglik voorgeskryf (Butts, 1947:224; Meyer, 1972:174). In navolging hiervan het kardinaal De Berulle die *Oratory of France* gestig wat vakke soos Wiskunde, Fisika en Natuurkunde aangebied het, sowel as onderwys in die moedertaal (Nigam & Khan, 1993:432; Moody, 1978:5).

Die Hervorming het ook 'n bydrae tot die ontwikkeling van onderwys gelewer deur te bepaal dat almal in staat moes wees om self die Bybel te kan lees (Green, 1990:112). Die implikasie hiervan is dat alle mense geletterd moes wees. Uit die aard van dié oortuiging was die Protestante ook die mening toegedaan dat die kerk onderwys moes verskaf aan die leerders van sy lidmate. Na die aanname van die Edik van Nantes (1598) het die Franse Protestante die reg ontvang om skole te stig, anders as in die res van Europa waar Protestantse skole verbied was. Hierdie toegewing het uiteraard geletterdheid in Frankryk aangehelp.

Die Kerk het ook omgesien na die minder gegoede deel van die bevolking deur in 1884 spesiale skole vir die armes te stig, die sogenaamde *Brothers of the Christian Schools*, onder leiding van Baptiste de la Salle. Die onderwysers was monnike wat nooit priesters sou word nie, mense wat bereid was om hulle lewens aan die onderwys te wy (Butts, 1947:227; Meyer, 1972:179). Gedurende die 17de eeu het die Kerk ook aandag aan die onderwys van dogters gegee deur die *Orde van Ursulien* te stig. Die nonne betrokke hierby se lewenstaak sou die opvoeding van die dogters wees. Dit was die eerste ernstige poging om onderwys aan dogters te voorsien. Dié kerkskole is later gekritiseer; daar is beweer dat die Kerk die Franse burgers oplei om die vreemde heerskappy van die Pous te aanvaar, in plaas van nasionalisme te bevorder (Good & Teller, 1969:320; Green, 1990:110; Vaughn & Archer, 1971:156).

Na die Franse Rewolusie was die onderwys in Frankryk in chaos omdat daar nie voldoende fondse was nie. Dit is aan die briljante administrateur, Napoleon Bonaparte, oorgelaat om onderwys, onder leiding van die staat, te herorganiseer (Butts, 1947:350; Good & Teller, 1969:323; Moody, 1978:21). Die Franse Rewolusie het die band van die onderwys met die Pous verbreek, maar Napoleon het besluit dat dit wys sou wees om daardie band met die Pous

te herstel deur 'n Concordat (1802) met die Vatikaan te sluit. Dit was 'n ooreenkoms wat bepaal het dat die Rooms-Katolieke Kerk die staatskerk sou wees, en in ruil daarvoor sou die staat die onderwysers salarieer. Ook sou die Kerk die reg hê om onderwysers aan te stel. Met ander woorde, die Kerk het weer 'n stewige houvas op die onderwys in Frankryk verkry (Anderson, 1975:16; Green, 1990:149; Peacock, 1986:55). Die stryd tussen die Kerk en staat oor die beheer van die onderwys was hiermee egter nie verby nie. Lodewyk Phillippe (1830-1848) het bepaal dat godsdiensonderrig nie verpligtend in die skole sou wees nie, maar kerkskole is toegelaat om voort te bestaan indien hulle hulle aan staatsinspeksies sou onderwerp (Anderson, 1975:30; Green, 1990:156; Ringer, 1979:354; Talbot, 1969:21).

Die stryd tussen die Kerk en staat oor die beheer van die onderwys het voortgeduur totdat Waldeck-Rousseau in 1901 daarin geslaag het om alle godsdienstige ordes onwettig verklaar te kry, tensy hulle deur die parlement goedgekeur was. Daar is voortgegaan met wetgewing om die Kerk se invloed te beperk totdat alle kerklikes in 1904 finaal uit die beheer oor die onderwys uitgesluit is. Die staat en Kerk was daarna finaal geskei, met die staat as organiseerder en verskaffer van die onderwys (Moody, 1978:96; Peacock, 1986:214). Dit is vandag nog die geval (Nigam & Khan, 1993:434-437).

Alhoewel die staat hierna die onderwys beheer en georganiseer het, is daar in 1969 gevind dat 25% van die laerskool-leerders en 40% van sekondêre leerders in privaat- of kerkskole was. Die rede hiervoor was dat die staat op sekere plekke nooit enige skole verskaf het nie (Good & Teller, 1969:341; Lewis, 1993:3). Die Kerk is dus tog nog 'n verskaffer van 'n aansienlike deel van die skoolonderwys (vergelyk 2.2.3.10).

### 4.3.7 Immigrante/herkoms

Die vreemde volkselemente in die samelewing is nooit as 'n bedreiging gesien nie en daarom is daar nooit enige onderskeid getref tussen diegene wat Frans gebore is en wat Frans "geword" het nie. Waarskynlik was die feit dat daar nooit enige onderskeid tussen die twee groepe gemaak is nie daarvoor verantwoordelik dat daar nie probleme rondom multikulturaliteit ontwikkel het nie. Ander kulture is bloot oor die hoof gesien, maar omdat hulle in die minderheid was, is dit nooit as 'n probleem beskou nie.

In die sestigerjare van die 20ste eeu het Frankryk immigrante ingevoer om te help om die nuwe industrieë aan die gang te hou aangesien daar 'n tekort aan mannekrag was. Omdat hierdie werkers as noodsaaklik beskou is om die industrieë in die land te bedryf sodat die lewen-

styl van die inwoners op dieselfde hoë vlak kon bly, is hulle eerder verwelkom en nie gesien as indringers nie (Halls, 1965:40) (vergelyk 2.2.3.12).

Hierdie groep werkers is op dieselfde manier as die res van die Franse burgers behandel. As hulle op enige ander behandeling aanspraak sou maak, sou dit gesien word as dat hulle hulleself nie as Franse burgers beskou het nie (Vigouroux-Frey & Covey, 1996:109).

### 4.3.8 Individualiteit

Die Franse word beskryf as mense met 'n sterk individualiteitsgevoel (King, 1967:27) (vergelyk 2.2.3.13).

### 4.3.9 Industrialisasie (vlak van)

Na die industriële ontwikkeling in Frankryk in die agtiende eeu het Frankryk eers weer op 'n latere tydstip industrieel verder ontwikkel (Green, 1990:135), maar nie agter gestaan by die ander lande in Europa nie. Deur die Kerk se invloed oor die onderwys te vernietig en dit sekulêr en rasioneel te maak is die geleentheid geskep om onderwys so te laat ontwikkel dat dit aan die behoeftes van die land sou voldoen (Green, 1990:138).

Die industriële ontwikkeling in Frankryk het tred gehou met dié van die res van Europa; dit het meegebring dat werkers vanaf 1965 ingevoer moes word met die oog op die arbeid in die ontwikkelende industrieë na afloop van die Tweede Wêreldoorlog (vergelyk 2.2.3.14). Hierdie immigrante is vandag nog in Frankryk, met ander woorde die ontwikkeling het nie stilgestaan nie, want bykomende werkers en hulle kinders was nog steeds nodig (Vigouroux-Frey & Covey, 1994:66) (vergelyk 2.2.3.14).

### 4.3.10 Kultuur (volks- of etniese)

In Frankryk is die bestaan van verskillende volkskulture nooit as 'n probleem gesien nie. Almal wat in Frankryk woon, is as Franse beskou en is ook as sodanig behandel. Volkskultuur het egter wel in die onderwys ter sprake gekom, want die oordrag van volkskultuur is beskou as 'n doel van die onderwys. Die volkskultuur wat oorgedra moes word, was dié van die Franse. 'n Verdere doel van die onderwys was die aankweek van 'n liefde vir, en trots op die kultuur van die land, en dit het vir álle leerders binne die land gegeld (King, 1967:51; Spalding, 1956:283) (vergelyk 2.2.1). Swak onderwysprestasies word nooit toegeskryf aan kultuur nie, maar wel aan sosiale stand (Vigouroux-Frey & Covey, 1994:110).

### 4.3.11 Morele waardes

Dit is vir die Franse van belang dat hulle kinders deeglik opgevoed moet word en dit sluit die aanleer van morele waardes in (Hinton, 1997:107; King, 1967:51; Spalding, 1956:283). Vroeg reeds het Christenouers ook gevoel dat die gees van die skool dié van hulle godsdiens moet weerspieël (Butts, 1947:136). Daarom is van die onderwys verlang om die gees van die leerders te ontwikkel en sou die beginsels van die Christelike godsdiens aan die leerling oorgedra word deur onderwysers wat deur die Kerk goedgekeur is (Moody, 1978:7) (vergelyk 2.2.3.19).

### 4.3.12 Nasionale eenheid/nasionalisme

Frankryk was reeds teen die veertiende eeu 'n nasionale staat. Dit het egter tot die sestiende eeu geduur voordat dié eenheid erken is. In 1539 het Frans die amptelike taal geword wat eenheid gesimboliseer het. Dit was die eerste Europese nasionale staat (Green, 1990:132,133).

Die beginsels van nasionalisme en patriotisme was en is beslis teenwoordig in die onderwys. Dié stelling word gestaaf deur die verwagtinge wat die ouers van die skole gekoester het, naamlik dat hulle kinders nie alleen van die Franse volkskultuur in die skool moes leer nie, maar dat hulle 'n liefde daarvoor en 'n trots daarop moes aankweek (Vigouroux-Frey & Covey, 1994:107).

So het skole soos die *Oratory of France* reeds in die 17de eeu vakke in die moedertaal aangebied, en dit in 'n tydvak in die geskiedenis waar die klassieke tale en letterkunde die middelpunt van die onderwys was. Die *Port Royalist*-skole het selfs die moedertaal self as vak aangebied (Green, 1990:110; Meyer, 1972:186; Thompson, 1969:189).

Met die Rewolusie het die gedagte van nasionalisme 'n stewige houvas op die onderwys verkry. Vandag, onder die bepalinge van die Onderwyswet van 1989, geld dit nog steeds: "...it is during the Revolution that the idea was born...that school is an essential tool in forging the unity of the state through education..." (Vigouroux-Frey & Covey, 1994:106) (vergelyk 2.2.3.20).

### 4.3.13 Ras/kleur

Die ras of kleur van mense het nooit enige trefkrag op of betekenis in die Franse samelewing gehad nie (Halls, 1965:40). Hierdie soort verskil word glad nie as belangrik beskou nie, want

almal wat in Frankryk woonagtig is, word beskou as Franse burgers en word daarom gelyk behandel. In die meer onlangse tye is die ingevoerde werkers selfs eerder as 'n aanwins beskou as wat hulle as 'n probleem beskou is. Hulle kleur of ras was nie van belang nie, solank hulle tot die groei van die ekonomie van die land kon bydra (Halls, 1965:40). Frankryk se onderwys word waarskynlik as doeltreffend beskou omdat dit slegs onderskeid maak tussen kinders op grond van hulle vermoëns (Vigouroux-Frey & Covey, 1994:110). Verder aan redeneer die genoemde skrywer dat "Seeing the migrants as no different apart from the fact that they might need bringing up to speed in French is therefore an odd reaction, possibly a racist one". (Vergelyk 2.2.3.27).

**4.3.14 Taal/voertaal**

Francois I het in 1539 Frans die amptelike taal gemaak van die gebied waaroor hy geheers het (Green, 1990:133) en sederdien is geen ander voertaal as Frans in die skole erken nie. Eers in 1951 is ander tale as Frans in die skole toegelaat, maar dan slegs as addisionele vak, en nie as voertaal nie. Hierdie toedrag van sake geld vandag nog steeds. Dieselfde taalbeleid is gevolg in die kolonies (Vigouroux-Frey & Covey, 1994:106). Die aanleer van die Franse taal was een van die middele om die volk saam te bind, net soos wat dit in die verlede die geval was (Vigouroux-Frey & Covey, 1994:107). Teen 1970 is daar spesiale ooreenkomste met lande soos Portugal en Italië aangegaan om voorsiening te maak dat die immigrante se kinders die geleentheid sou kry om Frans te leer. Die vreemde tale is as aparte vakke aangebied vir ongeveer drie ure per week. Hierdie Franse taalklasse kon ook buite skoolure geneem word (Vigouroux-Frey & Covey, 1994:108). Deur hierdie toegewing het Frankryk ook voldoen aan die voorskrifte van die Europese gemeenskap.

Die Franse het egter 'n ander oplossing gevind vir die probleem van die kinders van die immigrante se swak prestasies op skool. Die land is naamlik in gebiede te verdeel. Die prestasies van die gebiede is vergelyk, en so het die "probleem" van immigrante verdwyn. Die gebiede wat swak presteer, het groter geldelike toewysings gekry om kleiner klasse te kon hê en om meer onderwysers te kon aanstel (Hinton, 1997:107) (vergelyk 2.2.3.32).

Een van die innovasies op die gebied van taal in 1989 was byvoorbeeld die aanleer van meer tale. Die sakesektor het ook die onderrig van Engels voorgestel omdat dié taal dit makliker maak om by die sakewêreld in te skakel (Vigouroux-Frey & Covey, 1994:69).

### 4.3.15 Vooroordele

Hoewel die Franse wel nog nooit vooroordele gekoester of verskille op grond van ras en kleur getref het nie, is daar wel deeglik verskil gemaak tussen stande en geslagte. Onderwys was byvoorbeeld aanvanklik beperk tot die seuns van die adel. 'n Groot gedeelte van die res van die seuns van die land was uitgeskakel weens armoede (Kazamias & Byron, 1965:28; Vaughn & Archer, 1971:5). In die vroeë geskiedenis van die land (tot voor die Rewolusie van 1789) het die adel alle voorregte wat te geniet was, vir hulleself toegeëien en onderwys was een daarvan.

Daar was tot in die 20ste eeu allerlei vorme van diskriminasie teen dogters in die onderwys. Onderwys vir dogters is egter nie as onnodig beskou nie, maar hulle onderwys moes beperk word tot opleiding om 'n huishouding waar te neem. In die 17de eeu, toe die *Orde van Ursulien* deur die Kerk gestig is met die oog op die opvoeding van dogters, het die Franse begin om meer aandag aan die opvoeding van dogters te gee. Die doel was egter steeds om dogters voor te berei as tuisteskeppers en om huishouding as 'n loopbaan te beskou. Frankryk kon egter teen die einde van die 18de eeu spog dat 50% van die mans geletterd was en 25% van die vroue (Green, 1990:136,145; Butts, 1947:348).

In 1918 is daar seminaries vir dogters opgerig om ook aan húlle hoër onderwys te verskaf. Hierteenoor het die seuns reeds 80 jaar vantevore begin om dieselfde vorm van onderrig in die *Lycéés* te ontvang (Anderson, 1975:20,22,123; Kazamias & Byron, 1965:31,32; Peacock, 1986:77). Eers in die 20ste eeu, met die koms van verpligte onderwys in die twintigerjare, is dogters op gelyke voet met die seuns behandel.

Onderwys word vandag beskou as die reg van elke individu sodat sy persoonlikheid kan ontwikkel. Verder het hy die reg op voortgesette onderwys, net soos wat hy die reg op 'n sosiale lewe, 'n professionele lewe en burgerskap het (Vigouroux-Frey & Covey, 1994:66). Soos beskryf in 4.3.7, word daar nie gediskrimineer teen die leerders van die immigrante nie, maar word daar meer aandag en fondse aan hulle onderwys bestee (Hinton, 1997:107).

Die kinders van die immigrante word in die Franse bevolking opgeneem omdat hulle Fransgebore burgers is; hulle is nie deel van 'n minderheidsgroep nie. Om dié rede kan hulle nie aandring op spesiale behandeling nie (Hinton, 1997:109.110) (vergelyk 2.2.3.36).

## 4.4 HANTERING VAN KULTURELE VERANDERLIKES IN DIE ONDERWYSSTELSEL EN DIE RESULTATE DAARVAN

Frankryk het tot dusver die probleme van 'n diverse kultuur vrygespring omdat die grootste gedeelte van die bevolking Frans van geboorte is en die dominante kultuur dus Frans is, terwyl ander kulturele elemente meesal oor die hoof gesien is. Geen ander kultuur word werklik onderdruk nie en die immigrante aanvaar die dominante inheemse Franse kultuur vrywilliglik. Daarom is daar slegs een nasionale onderwysstelsel. Immigrantekinders word geassimileer, geïntegreer en geakkommodeer in die Franse stelsel. Daar word met ander woorde van die immigrante-leerders verwag om by die gangbare en dominante volkskultuur in te skakel en 'n integrerende deel daarvan te word. 'n Aanleidende oorsaak hiertoe is die neiging om slegs vermoë as 'n onderskeidingskriterium tussen leerders te sien (vergelyk Hinton, 1996:110).

Die Onderwyswet van 1989 bepaal byvoorbeeld: "Education is the first priority of the nation. It is a public service and planned and organized around pupils and students. It contributes toward equality and opportunity" (Vigouroux-Frey & Covey, 1994:66). As alle leerders dus eenders behandel word, ervaar hulle eenderse geleenthede.

### 4.4.1 Assimilasie en integrering

Kulturele assimilasie en integrasie beteken die insluiting en absorbering van etniese minderhede. Dit is een van die maniere waarop Frankryk die verskeidenheid van kulture tot dusver hanteer het. Daar is en word geen ruimte gelaat vir die voortbestaan van etniese diversiteit in die samelewing nie. Alle leerders word as Franse burgers beskou, en daarom word almal eenders behandel, soos Franse. Dieselfde taal en kultuur word deur middel van die onderwys aan almal oorgedra. As assimilasie die insluiting van etniese minderhede is (Modgill *et al.*, 1986:78; Todd, 1991:36), dan kan die beleid wat Frankryk gevolg het inderdaad as assimilasie beskou word (vergelyk 2.3.3).

### 4.4.2 Akkommodasie

Akkommodasie kom daarop neer dat ruimte gemaak word vir, of fasiliteite geskep word vir iets of iemand (vergelyk 2.3.1). Akkommodasie kan as 'n faset van die Franse se beleid beskou word, aangesien daar tog 'n kentering in die hoofbeleid van assimilasie/integrasie gekom het. Dit het gebeur, nie omdat die bevolking anders begin dink het oor die hantering van kulturele verskille nie, maar veral omdat verandering nodig geword het vir die ontwik-

keling van die administrasie en ekonomie van die land. Vroue was nodig in die arbeidsmark en moes daarom 'n opleiding kry wat hulle sou voorberei daarvoor. Dieselfde het die invoer van immigrantewerkers gegeld.

Die Franse het begin besef dat alle leerders toegang tot onderwys moes hê, dat onderwys nie slegs vir die seuns van die adel gereserveer behoort te wees nie (Green, 1990:156,157; Moody, 1978:124; Ringer, 1979:116). Daar is tot die insig gekom dat leerders uit die minder bevoorregte groepe ook die geleentheid gegun moes word om onderwys te kon ontvang.

Die geskiedenis toon dat vanaf ongeveer 1179 daar dekrete deur die Rooms-Katolieke Kerk uitgevaardig is wat biskoppe verplig het om gratis skole te voorsien vir die leerders in hulle gebiede. Om aan dié vereistes te voldoen en vir sommige van die minder gegoede leerders te sorg, is die *Brothers of the Christian Schools* gestig (Butts, 1947:227; Meyer, 1972:179). Daar het ook vroeg reeds 'n gildestel tot stand gekom waardeur nog 'n gedeelte van die armer leerders onderwys kon bekom. Hierdie geleenthede vir die minder gegoede leerders was skaars en is dikwels slegs in die stede aangetref, sodat dié stelsels leergeleenthede aan klein groepies leerders verskaf het. Die onderwys in die inrigtings kon ook nie vergelyk word met dít wat aan die adellike seuns verskaf is nie.

Reeds vanaf die tweede helfte van die 18de eeu is staatsonderwys bepleit sodat alle leerders by die onderwys van die land ingesluit sou word. Toe onderwys verpligtend geword het (1881), was die probleem in 'n mate opgelos. Dogters kon egter nog nie saam met seuns skoolgaan en byvoorbeeld Latyn leer nie. Vanaf 1930 kon dogters wel saam met seuns skoolgaan en is hulle op dieselfde manier as die seuns geakkommodeer in die onderwys.

Die Franse onderwyswet van 1989 bepaal dat onderwys aan die einde van die twintigste eeu meer buigbaar behoort te wees en dat leerders, veral in Europa, van een land na 'n ander kan gaan om te studeer. Om dié toestand te vergemaklik, moet leerders kennis van ander kulture en vreemde tale bekom. Een van die sake wat die kurrikulum raak, behoort daarom te wees: die vermoë om maklik aan te pas. Die opvoeding van die jeug moet die jonger geslag leer van die internasionale omgewing waarin hulle leef (Vigouroux-Frey & Covey, 1994:71). Hierby sal dan die omgekeerde ook waar wees, naamlik dat bevolkings moet leer om die "anderse" mense in hulle geledere maklik te aanvaar en te respekteer.

## 4.5 ENKELE KONKLUSIES NA AANLEIDING VAN DIE FRANSE ERVARING MET DIE HANTERING VAN KULTURELE VERSKILLE IN DIE ONDERWYS (MOONTLIKE GESIGSPUNTE VIR ONDERWYS-VOORSIENING IN SUID-AFRIKA)

- Dit is opvallend dat die Franse oënskynlik geen probleem ondervind met die kulturele diversiteit in hulle land nie. Dit is moontlik die gevolg van die feit dat die Franse nooit enige onderskeid tussen sy mense gemaak het nie - hetsy inheems of immigrant.
- Kulturele verskeidenheid in die samelewing skyn in die algemeen oor die hoof gesien te gewees het.
- Die waardering van die vreemde elemente in Frankryk spruit voort uit die behoefte wat die immigrante gevul het, naamlik dat hulle nodig was om die ekonomie aan die gang te hou.
- Die aandeel van die Rooms-Katolieke Kerk in die onderwys van die land is opvallend. Die Kerk was aanvanklik die enigste instansie wat onderwys voorsien het aan die leerders van die land. Derhalwe het die Kerk vir eeue 'n sterk invloed op die ontwikkeling van die onderwys van die land uitgeoefen. Onderwys is nooit van owerheidsweë beperk nie, want selfs die Protestante was toegelaat om skole te stig volgens die Edik van Nantes, iets wat nie in die res van Katolieke Europa toegelaat is nie
- Die feit dat dogters wel toegelaat is om 'n vorm van onderwys te ondergaan, het meegebring dat die Franse as 'n volk vroeg reeds as 'n geletterde volk beskryf kon word. Teen 1861 was 90% van alle vroue en 91,6% van alle mans geletterd. Dit blyk uit die feit dat paartjies self hulle huwelikskontrakte kon onderteken. Nieteenstaande die tekortkominge van die onderwys in terme van geslag en klas, het dit tog daarin geslaag om die bevolking geletterd te maak.
- Daar is soms teen dogters in die onderwys gediskrimineer, en wel in die opsig dat hoewel hulle aanvanklik opgelei is om hulle eie huishoudings te kon waarneem, verdere geletterdheid as ongeskik vir hulle beskou is.
- Nog 'n rede waarom die Franse so vroeg geletterd was, is die feit dat daar spoedig reeds aandag aan die onderwys van ook die mindergegoedes en dogters gegee was.
- Omdat die volk tot 'n taamlike hoë vlak geletterd was, kon hulle hulle politieke probleme oplos, onder meer tydens en na die Franse Rewolusie - die leiding van die geleerde filosowe het wel 'n beduidende rol gespeel. Hierdeur het die samelewing meer gelyk en regverdig geraak.

- Hoewel dit nie so opvallend is soos byvoorbeeld in die geval van die VSA dat ouers voorsiening wou maak vir die onderwys van hulle kinders nie, kan 'n mens tog aflei dat Franse ouers wel in hulle kinders se skole en onderwys belang gestel het. Die bewys daarvoor is geleë in die feit dat skole nooit doodgeloop het nie, maar eerder uitgebrei het alhoewel onderwys aanvanklik nie verpligtend was nie.
- Die staat het vroeg reeds belang gestel in die onderwys van die bevolking, soos gesien kan word in die feit dat munisipaliteite reeds teen 1300, nieteenstaande die Pous se uitspraak, tóg skole gestig het.

## 4.6 SAMEVATTING EN VOORUITSKOUING

Die Franse se doel met die onderwys is "...not to teach a great deal, but to teach it well" (King, 1967:50). Afgesien van die lang onderwysgeskiedenis van die Franse teenoor byvoorbeeld dié van die VSA, het die Franse onderwys ook dié voordeel bo die ander stelsels wat in hierdie navorsing ontleed is, dat dit nie in dieselfde mate en omvang met kulturele diversiteit te doen gekry het nie. Dit het meegebring dat daar nie met dieselfde ywer gesoek is na 'n oplossing vir die ingewikkelde probleem van kulturele diversiteit in die onderwys nie.

In hoofstuk 5 word die onderwysgeskiedenis van Kenia, 'n koloniale staat in Afrika, beskryf.